**Die volk vra 'n koning (OP189)**

**1 Sam 8:1-21, 12:13-22**

**15 September 2024**

Laasweek het ons begin om na die opbou tot die Dawidverbond te kyk. Ons het kennis geneem van die feit dat die Here alreeds met die skepping aan Adam 'n koningsrol gegee het om te vervul – hy moes heers oor die skepping, die aarde onderwerp en die tuin bewaak. Hierdie verantwoordelikhede het nie verander na die sondeval nie. Ons het daarop gelet dat die sondeval gebeure die realiteit na vore gebring het dat die Here onveranderlik is: Hy is altyd dieselfde, Hy is heilig, genadig en regverdig. Hierdie realiteit het drie vraagstukke geskep na die sondeval: (1) Hoe gaan die Here die sondeskuld van die mens aanspreek? (2) Hoe gaan die Here die sondegeneigdheid van die mens aanspreek? (3) Hoe en wanneer gaan die Here die kop van die slang, wat die oorsprong van sonde is, vermorsel?

Deur die loop van die openbaringsgeskiedenis was daar verskeie insidente wat aangedui het dat daar 'n koning sou kom wat 'n belangrike rol gaan speel om van hierdie vraagstukke aan te spreek: Aan Abraham het die Here beloof dat konings uit hom sal voort kom. Die Here het ook aan hom Melgisedek gewys – die Koning van geregtigheid en vrede, wat ook Priester van die Allerhoogste is. Deur Jakob het die Here beloof daar sal 'n Koning uit Juda na vore kom. En met die Sinaiverbond het die Here aan die volk beloof Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak. Met die Sinaiverbond het die Here ook bekend gemaak hoe Hy die eerste vraagstuk van die mens se sondeskuld gaan aanspreek – dit sal gebeur deur die werk van 'n Hoëpriester wat versoening sal doen deur die bloed van die sonde-offer op die versoendeksel in die Allerheiligste te sprinkel. Ongelukkig het ons ook geleer hoe die hoëpriester Eli misluk het in sy rol as hoëpriester weens sy eie sondegeneigdheid asook die steeds teenwoordige duiwel. Gevolglik sterf hy, tesame met sy seuns, en boonop is die verbondsark ook gesteel. Dit word duidelik: Selfs net om daardie eerste vraagstuk van sondeskuld aan te spreek gaan 'n besondere Hoëpriester nodig hê wat nie self sondeskuld en sondegeneigdheid het nie.

Vandag wil ek stilstaan by daardie deel van die Ou Testamentiese geskiedenis waar die volk vra dat 'n koning oor hulle aangestel moet word. Ek wil in besonder na 1 Sam 8 kyk, waarna ek die gebeure in 1 Sam 9-11 net kortliks wil opsom, en dan weer in meer detail na 'n gedeelte van 1 Sam 12 kyk. Ek wil dit oordink onder die volgende hoofpunte: (1) Die versoek van die volk vir 'n koning, (2) Samuel se opinie oor hulle versoek, (3) Die Here se uitspraak oor hulle versoek, (4) Die gevolg van die aanstelling van 'n koning, en (5) Hoe moet ons sin maak uit hierdie gebeure?

<u>Die versoek van die volk vir 'n koning (1 Sam 8:1-5, 19-20)</u>

Na die gebeure in 1 Sam 4 toe die Filistyne die verbondsark weggeneem het, en Eli en sy seuns gesterf het, het die teenwoordigheid van die verbondsark onder die Filistyne chaos veroorsaak. Eventueel het hulle die verbondsark teruggestuur. Twintig jaar later (1 Sam 7:2) het die Filistyne weer die volk bedreig, maar die Here het weer die volk wonderbaarlik verlos deurdat Hy die Filistyne verwar het met donderslae. Gedurende hierdie periode het Samuel as rigter opgetree onder die volk (1 Sam 7:15), maar teen die begin van 1 Sam 8 is Samuel oud. Samuel het voorsien dat sy seuns by hom sou oorneem as rigters, maar sy seuns was nie soos Samuel nie – hulle was uit op winsbejag en het die reg verdraai. Dit klink baie soos Eli se seuns.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die volk na Samuel kom, en vra dat Samuel vir hulle 'n koning moet aanstel. Ons kan vinnig die volk veroordeel oor hierdie versoek. Maar dink aan die volgende: (1)

Sedert Josua se dood is die volk voortdurend op 'n afwaartse spiraal weg van die Here af – soos wat ons gesien het tydens die Rigtertyd. Telkens moet die Here ingryp en 'n rigter aanstel. Maar die rigter regeer net tot die probleem opgelos is. As hulle 'n koning het wat langer regeer, kan dit tog net meer effektief wees – dan hoef die Here nie telkens weer 'n rigter aan te stel nie. Kyk maar net na die ander volke – dit werk vir hulle, hoekom kan dit dan nie ook vir Israel werk nie? (2) Boonop: Samuel is tans die rigter, maar hy is oud, en sy seuns is nie waardig om by hom oor te neem nie. Dink maar net aan wat 'n stuk of 20 jaar gelede gebeur het met Eli en sy seuns – dit sal tog goed wees om 'n herhaling van daardie situasie te voorkom. (3) Verder, die Here het al destyds deur Moses op die Moabsvlakte voorsien dat hulle 'n koning nodig gaan hê. En die Here het deur Moses gesê wanneer dit gebeur, moet hulle 'n koning aanstel. Trouens die Here het daar al die vereistes vir 'n koning gegee. Daarom oordeel die oudstes van die volk dit is nou die tyd wat hulle vir 'n koning moet vra.

Uit verse 5 en 20 word dit duidelik die volk het twee verwagtinge van 'n koning: hy moet oor hulle regeer, en hy moet hulle oorloë vir hulle voer. Selfs hier moet ons erken daar is meriete in hierdie redenasie van die volk: Immers is dit so dat die Here Adam al as koning aangestel het om te heers. Ja, die Here bly dié Koning, maar die Here het al voor die sondeval voorsien daar gaan konings onder Hom as dié Koning wees. Verder, die Here het ook na die sondeval aangedui daar gaan stryd wees – stryd tussen die nageslag van die vrou en die duiwel – en die geskiedenis wys dat dit inderdaad die geval is. Kyk maar net na die Rigtertyd, kyk maar net na die laaste paar jaar se oorloë met die Filistyne. Telkens moes die Here ingryp. Maar as die Here nou vir hulle 'n koning gee – dan kan die koning hulle oorloë voer. Is dit nie 'n meer effektiewe oplossing nie – veral siende dat die Here self ook so 'n koning voorsien het nie?

<u>Samuel se opinie oor hulle versoek (1 Sam 8:6-7)</u>

Die volk het hulle versoek na Samuel geneem – immers is hy hulle rigter, hy is ook die profeet wat aan hulle die wil van die Here bekend maak. Vir Samuel was die saak egter eenvoudig verkeerd. Dit word in 1 Sam 12:12 duidelik wat Samuel se beswaar was teen hulle versoek: daar redeneer Samuel en sê die volk het gesê 'n koning moet oor hulle regeer – en dit terwyl die Here hulle God hulle koning is. Samuel redeneer hulle hét 'n Koning – die Here is hulle Koning! Hoe kan hulle vir nog 'n koning vra? En natuurlik het Samuel 'n punt: Dink maar aan al die gebeure deur die loop van die Rigtertyd waar die volk nie 'n koning gehad het nie – tog het die Here hulle elke keer te hulp gekom, en 'n rigter aangestel – en dan is die krisis opgelos. Trouens, sopas in 1 Sam 7 het die Here deur donderslae die Filistyne verwar (1 Sam 7:10) – en die gevolg was dat die volk die Filistyne kon oorwin. Samuel se punt is: Siende dat die Here dit oor en oor gedoen het, het Hy tog bewys Hy is hulle Koning, en Hy voer hulle oorloë vir hulle. Hoekom wil hulle dan 'n koning hê?

Soos ons ook gesien het, was Samuel op hierdie stadium hulle rigter. En daarom moes Samuel sekerlik ook gevoel het die volk verwerp hom persoonlik as rigter. Ja, dit is so Samuel is nou oud – maar dit moes sekerlik nie vir Samuel maklik gewees het om te hoor die volk wil hom, en sy seuns, vervang met 'n koning nie.

Maar Samuel het sekerlik die regte benadering gevolg toe die volk na hom gekom het. Vers 6 sê Samuel het toe tot die Here gebid.

<u>Die Here se uitspraak oor hulle versoek (1 Sam 8:7-18, 22)</u>

Wanneer Samuel tot die Here bid, reageer die Here op sy gebed – en die Here gee uitspraak oor wat nou moet gebeur. Natuurlik bly dit die Here se besluit of die volk 'n koning moet kry of nie. Onthou, in Deut 17 het ons al gelees dat die Here deur Moses gesê het dat die keuse van die koning by die Here lê – dan maak dit tog ook net sin dat die keuse oor wanneer 'n koning aangestel moet word

ook by die Here lê. In vers 7 sê die Here vir Samuel: "Luister na die volk in alles wat hulle vir jou sê, want dit is nie jou wat hulle verwerp het nie, maar My het hulle verwerp om oor hulle koning te wees." Hoor jy wat die Here se uitspraak is? Aan die een kant sê die Here Samuel moet aan die versoek van die volk voldoen – ons moet dus aflei die Here stem saam met die volk dit is nou die geleë tyd om 'n koning aan te stel. Aan die ander kant sê die Here Samuel het ook 'n punt – dit is inderdaad so dat Hy hulle Koning is, en dit is inderdaad so dat hulle deur hulle versoek die Here verwerp as hulle Koning. In vers 8 verduidelik die Here dit is egter niks nuuts nie – dit strook met hulle optrede sedert die Here hulle uit Egipte gelei het tot nou toe – hulle verlaat voortdurend die Here en gaan dien afgode – weereens, dink maar net aan die Rigtertyd. Geliefdes, sien jy dat daardie drie vraagstukke wat na die sondeval ontstaan het, steeds vraagstukke is? Die volk draai steeds telkens hulle rug op die Here – hulle is dus steeds geneig tot sonde. Gevolglik het hulle steeds sondeskuld. En dit alles word veroorsaak deur die voortdurende teenwoordigheid van die duiwel wat hulle verlei deur die afgode van die ander nasies rondom hulle. Die vraag is steeds: Hoe gaan die Here dit alles aanspreek?

Maar die antwoord van die Here is vir ons ietwat moeilik om te begryp: die volk wil 'n koning hê, Samuel voel dit is verkeerd om 'n koning te wil hê – die Here stem saam met Samuel hulle verwerp Hom as koning met hulle versoek, en tog sê die Here Samuel moet voortgaan en aan hulle versoek voldoen. Waarmee is die Here besig? Wat wil die Here hiermee bereik? Ons kom later terug om hieroor te besin.

Dan gaan die Here voort, en Hy sê ook aan Samuel hy moet egter die volk gaan waarsku. Ja, hulle wil 'n koning hê, en die Here het nou gesê hulle kan 'n koning kry – maar Samuel moet hulle gaan waarsku dat hierdie koning ook bepaalde regte gaan hê wat implikasies vir die volk gaan inhou. In verse 11-18 lees ons wat die regte van die koning sal wees waarvan die volk kennis moet neem: As die koning oor hulle regeer en as hy hulle oorloë moet voer, beteken dit noodwendig dat die koning sekere dinge van die volk gaan verwag. Dit sluit take in soos:  hulle seuns sal moet deelneem aan die oorloë, van hulle sal moet deelneem as aanvoerders, ander sal die toerusting vir die oorloë moet voorberei. Hulle dogters sal moet optree as salfmengers, kokke en bakkers. Hulle sal van hulle beste landerye, boorde en wingerde aan die koning moet afstaan, van hulle slawe en slavinne sal vir die koning moet werk, hulle sal 'n tiende van hulle koringoes en wynoes en kleinvee vir die koning moet gee. Hulle sal al met al nogal 'n hoë prys moet betaal vir die feit dat hulle 'n koning het. En die Here waarsku hulle dat as hulle op 'n stadium gaan kom en kom kla oor die implikasies wat hulle koning het op hulle lewens, dan gaan Hy nie na hulle luister nie. Hulle moet nou besluit of hulle werklik 'n koning wil hê – en as hulle besluit hulle wil, moet hulle nou al verstaan wat die implikasies daarvan sal wees.

Onthou, laasweek het ons in Deut 17 gelees wat die vereistes was waaraan die koning moet voldoen: Hy moet deur die Here gekies word, hy moet 'n lid van die volk wees, hy moet nie die volk na sonde lei nie, hy moet self waak om nie geneig te wees tot sonde nie deur hom te weerhou van perde, baie vroue en rykdom, en boonop moet hy hom verdiep in die wet van die Here om sodoende ontsag vir die Here te hê – dit is wat die Here van die koning vereis. Wat ons nou hier lees is dat die Here ook sekere regte aan die koning gee, en hierdie regte het beduidende implikasies vir die volk wat nou onder die heerskappy van die koning is.

Samuel het dit alles aan die volk verduidelik. Uit vers 19 is dit duidelik, die volk het egter voet by stuk gehou – hulle wil steeds 'n koning hê, en gevolglik het die Here vir Samuel gesê hy moet dan voortgaan en vir hulle 'n koning aanstel. Samuel het die volk huis toe laat gaan – immers is dit die Here wat die koning gaan aanwys, nie hulle nie. Hulle sal moet wag tot die Here bekend gaan maak wie die koning is.

Die gevolg van die aanstelling van 'n koning (1 Sam 9-12)

Vanaf 1 Sam 9 lees ons die geskiedenis van hoe Saul gesalf is as die eerste koning van die volk Israel. Ons weet Saul was afkomstig uit die stam van Benjamin. Ons weet sy pa het hom op 'n stadium gestuur om na hulle donkies te gaan soek. Gedurende hierdie soektog het Saul Samuel ontmoet. Intussen het die Here dit aan Samuel duidelik gemaak dat Saul die man is wat hy moet salf as koning oor die volk. In 1 Sam 10 lees ons dat Samuel dit gedoen het – eers het hy Saul gesalf waar net hy en Saul teenwoordig was, maar later het Samuel die volk in Mispa bymekaar geroep (i Sam 10:17 ev). Daar het Samuel die stamme laat naderkom – eers is die stam Benjamin aangewys as die stam waaruit die koning sal kom, daarna is Saul se familiegroep aangewys, en op die ou end Saul – maar Saul kon nêrens gevind word nie, want hy het tussen die pakgoed weggekruip. Nadat Saul daar uitgehaal is, is hy gesalf as koning – en die volk het hom toegejuig met die woorde: "Lank lewe die koning!"

In 1 Sam 11 lyk dit of Saul se koningskap op 'n goeie noot afskop. Nagas, die koning van die Ammoniete, het Jabes in Gilead beleër. Jabes het hulp gaan soek by die res van die volk. Toe Saul hiervan hoor, het Saul die volk opgeroep om toe te tree tot die oorlog, en die uiteinde was dat hulle die Ammoniete oortuigend oorwin het. Die gevolg is dat Saul se koningskap herbevestig is in Gilgal in die teenwoordigheid van die Here. Enige teenstand wat daar was teen Saul se koningskap is hiermee stopgesit. Ons lees Saul en al die manne was baie vrolik (1 Sam 11:15) – hulle het gevra vir 'n koning, hulle het 'n koning en boonop het hy hierdie oorlog vir hulle suksesvol gelei.

In 1 Sam 12 lees ons egter Samuel se afskeidsboodskap aan die volk. Saul is nou die koning, en daarmee saam kom Samuel se leiding as rigter tot 'n einde. Eers herinner Samuel die volk dat hy Saul as koning vir hulle gesalf het, omdat hulle daarvoor gevra het (vs 1-2). In verse 3-5 vra Samuel vir die volk of hy hulle op enige manier uitgebuit of mishandel het. Hulle getuig dat dit nie die geval is nie – Samuel roep beide die Here en sy gesalfde, dit is die gesalfde koning Saul, as getuies dat hulle getuig het hy het hulle nie benadeel nie. Daarna gaan Samuel voort en hy herinner die volk aan die weldade van die Here (v6-11) – hy herinner hulle aan hoe die Here Moses en Aäron gestuur het om hulle uit Egipte te red. Maar hy herinner hulle ook aan hoe hulle herhaalde male die Here hulle God vergeet het, en hoe die Here hulle herhaalde male oorgelewer het aan hulle vyande. Maar wanneer hulle herhaalde male om hulp geroep het na die Here, het die Here rigters soos Jerubbaäl (Gideon), Bedan (Balak), Jefta en Samuel gestuur het deur wie die Here hulle gered het. Maar alhoewel dit alles waar is, sê Samuel, tog het die volk vir 'n koning gevra – veral toe Nagas van die Ammoniete hulle bedreig het. Dit lyk of hierdie dreigende inval van Ammoniete alreeds bestaan het voor die volk in 1 Sam 8 vir 'n koning gevra het.

Lees nou vers 13-15. Samuel se punt is: die volk het vir 'n koning gevra, en die Here het vir hulle 'n koning gegee. Maar, waarsku Samuel, as hulle, tesame met hulle koning, voortaan vir die Here ontsag sal hê, na Sy stem sal luister, nie teen Hom in opstand kom nie, Hom altyd sal volg – dan is dit goed so. As hulle egter nie na die stem van die Here luister nie en as hulle in opstand kom teen die Here – dan kan hulle verwag dat die hand van die Here teen hulle en hulle koning sal wees. Wat is Samuel se punt? Wel, die Here verwag gehoorsaamheid van die volk en die koning. Die feit dat hulle nou 'n koning het, verander niks aan die verwagting van die Here van die volk nie. Hy het al by Sinai vir hulle gesê Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak – maar daar het Hy ook al aan hulle gesê Hy verwag dat hulle na Sy stem sal luister (Eks 19:5). Die feit dat hulle nou 'n koning het, verander niks aan die Here se verwagting nie. Wat bekommerenswaardig is, is dat die optrede van die volk sedert Sinai nie juis vertroue inboesem dat hulle gehoorsaam na die Here se stem luister nie. Hulle moet goed verstaan die feit dat hulle 'n koning het, onthef hulle nie van gehoorsaamheid nie.

Lees verse 16-19. Toe sê Samuel hy sal tot die Here bid en vra dat die Here donderslae en reën beskik om hulle tot die besef te bring dat hulle boosheid groot is. En toe Samuel dit doen, toe stuur die Here nog op dieselfde dag donderslae en reën – en die hele volk het groot ontsag gehad vir die Here. En die spesifieke boosheid wat Samuel aan die volk wou uitwys met hierdie gebed om donderslae en reën, wat die Here verhoor het, was die feit dat die volk vir 'n koning gevra het. En die respons van die volk is: "Bid tot die Here u God ter wille van u dienaars, sodat ons nie sterf nie; want by al ons sondes het ons nog die kwaad bygevoeg om 'n koning te vra".

Lees verse 20-22. Vanaf vers 20 bemoedig Samuel die volk en spoor hulle aan hulle moet net nie van die Here wegdraai nie – trouens hy sê vir hulle die Here sal Sy volk nie in die steek laat nie, ter wille van Sy groot Naam – immers is Hy die Een wat hulle Sy volk gemaak het.

<u>Hoe moet ons sin maak uit hierdie gebeure?</u>

Kom ons probeer om sin te maak uit hierdie gebeure. Onthou wat ons laasweek oor gepraat het: Daar is drie vraagstukke wat aangespreek moet word in die verlossingsplan van die Here: Die sondeskuld-vraagstuk, die sondegeneigdheid-vraagstuk en die vraagstuk oor die oorwinning oor die duiwel. Tot dusver het die Here in die openbaringsgeskiedenis aangedui die sondeskuld-vraagstuk gaan deur die werk van die Hoëpriester aangespreek word – ja, daar is steeds vrae oor wie die Hoëpriester is, siende dat hoëpriesters soos Eli nie werklik die vraagstuk effektief kan aanspreek nie – maar ten minste is die beginsel al duidelik. Watter vraagstuk wil die Here volgende aanspreek?

In hierdie gedeelte leer ons van die volk se versoek vir 'n koning. Op sigself lyk dit na 'n redelike versoek – die Here het al verskeie aanduidings in die openbaringsgeskiedenis gegee dat daar 'n koning sal wees wat oor die volk regeer. Sedert Josua se dood was daar nie werklik 'n nasionale leier onder die volk nie, en die gevolg was dat die Here telkens 'n rigter moes aanstel. Maar die rigter spreek net die spesifieke probleem op daardie spesifieke stadium aan, dan verdwyn hy weer van die toneel. Miskien kan 'n koning dit meer effektief aanspreek. Boonop, een van die vraagstukke sedert Gen 3, is die vraagstuk oor hoe die duiwel oorwin gaan word. Die duiwel is die oorsprong van sonde, en dit is weens sy handelinge dat daar soveel stryd in die wêreld is, insluitend oorloë. As die Here nou vir die volk 'n koning gee, dan kan die koning die oorloë vir die volk teen hulle vyande voer – ten diepste is dit oorloë teen die duiwel en sy volgelinge – wie weet, dalk kan die koning die Een wees wat ook die duiwel kan oorwin. Voeg hierby dat die Here die versoek om 'n koning toegestaan het. Boonop het die Here self vir Saul as koning gekies, die Gees van die Here het selfs op Saul gekom – en, soos wat ons gesien het, na 'n ietwat onwillige begin van sy koningskap toe Saul weggekruip het toe hy gesalf moes word, vat Saul vlam wanneer die volk deur die Ammoniete bedreig word en hy lei suksesvol die oorlog teen die Ammoniete. Dit gee selfs aanleiding dat sy koningskap herbevestig word en dat hy eenparig onder die volk aanvaar word. Ja, weliswaar is dit so dat Saul nie die duiwel oorwin het nie, maar hy het Nagas oorwin wat 'n volgeling van die duiwel is – so dit is darem 'n goeie begin. As jy op hierdie manier na die gebeure kyk, lyk dit of hier vordering is in die openbaringsgeskiedenis en of ons kan verwag om uit die verdere ontwikkelings rondom die rol van die konings meer te kan leer oor vraagstuk 3 – dit is die oorwinning oor die duiwel. En ek is oortuig dit is inderdaad die geval, en ek hoop soos ons verder na Saul en Dawid kyk sal dit al duideliker word.

Maar tog is daar iets wat pla: Samuel was nie oortuig dat die versoek vir 'n koning 'n goeie versoek was nie – in 1 Sam 8 lees ons dit was verkeerd in sy oë, en in 1 Sam 12:17 noem hy dit boosheid. Boonop stem die Here saam met Samuel – in 1 Sam 8 sê die Here ook dat die volk met hierdie versoek Hom as hulle Koning verwerp het. In 1 Sam 12 stuur die Here die donderslae en die reën om daarmee te bevestig Hy stem saam met Samuel dit was sonde. Hoekom was die versoek om 'n koning 'n verwerping van die Here? Wel, die rigtertyd het oor en oor bewys dat die Here die Een is

wat die volk se vyande stuur om hulle te verdruk, maar Hy is ook die Een wat elke keer as hulle om hulp roep, ‘n rigter stuur. Elke keer het Hy dit maar weer en weer gedoen. Trouens, Hy het dit sopas voor die volk se versoek vir ‘n koning weer gedoen toe Hy met donderslae die Filistyne verwar het. Die Here voer die oorloë vir die volk. Maar, let op, dit is die Here wat telkens hulle vyande gestuur het, en die Here het dit gebruik om hulle elke keer eers weer terug te bring na Hom toe.

Die punt wat die volk mis, is dat hulle bo en behalwe hulle vyande, nog ‘n probleem het – dit is vraagstuk 2, hulle sondegeneigdheid. Die rede hoekom hulle telkens in oorloë geëindig het tydens die rigtertyd, is omdat hulle telkens van die Here weggedraai het. Die Here het hulle vyande gestuur oor hulle sondes en oor hulle sondegeneigdheid. Die oplossing wat die volk na soek is om los te kom van die moeite om elke keer eers terug te keer na die Here toe, en dan te wag tot die Here ‘n rigter stuur. Nee, as hulle ‘n koning kan kry wat die oorloë kan voer, dan kan hulle die siklusse verkort, en dan kan hulle vandaar af self regkom. Die volk se versoek spreek net hulle begeerte aan om van hulle vyande verlos te word deur die koning, hulle mis dat die Here hulle vyande gebruik om hulle te herinner aan hulle sondegeneigdheid en sondeskuld. Dit is hoekom Samuel en die Here raaksien hulle vra nie net ‘n koning nie, nee, hulle verwerp ook daarmee die Here wat werklik hulle Koning is, en wat tot nou toe hulle oorloë gevoer het – maar met meer in gedagte as om net hulle vyande, en dus die duiwel te oorwin – nee, Hy wil hulle ook telkens bewus maak van hulle sondegeneigdheid en hulle opbouende sondeskuld. Dit is ook waaraan Samuel hulle herinner in Sy afskeidsboodskap: om net ‘n koning te hê, help nie. Nee, hulle en die koning moet na die stem van die Here luister – dan is dit goed. Maar as hulle en hulle koning nie na die stem van die Here luister nie, sal die hand van die Here teen hulle en hulle koning wees. En die Here bevestig Samuel se argument. En selfs net hierdie versoek om ‘n koning onderstreep weer dat die volk glad nie so bekommerd is oor hulle sondegeneigdheid en sondeskuld as wat hulle behoort te wees nie.

Maar, dit is so, die Here wil die koningskap sinvol gebruik om verdere openbaring te gee oor hoe Hy daardie drie vraagstukke gaan aanspreek. En daarom gee die Here toe aan die versoek van die volk om aan hulle ‘n koning te gee. Trouens, daarom het Hy al vroeër in die openbaringsgeskiedenis aangekondig dat daar konings sal kom. Natuurlik moet ons nog heelwat meer leer oor hoe die koning hierdie rol moet vervul – daarom word ‘n groot deel van die Ou Testamentiese geskiedenis afgestaan aan die koningstydperk.

Maar let op: Laasweek het ons gesien daar is 3 vraagstukke: sondeskuld, sondegeneigdheid en die vermorseling van die kop van die duiwel. Ons het ook laasweek gesien die sondeskuld-vraagstuk gaan deur die offer van die Hoëpriester aangespreek word – maar dit het geblyk dit gaan ‘n spesiale Hoëpriester moet wees, wat nie soos Eli sondeskuld het en ook geneig is tot sonde nie.

Vandag sien ons die eerste aanduidings dat die Here die vraagstuk oor die vernietiging van die duiwel wil aanspreek deur ‘n Koning (ja, ons sal nog meer hieroor leer), maar die Here leer ook dat dit nie opsigself voldoende is nie – want al sou die duiwel vernietig word, is daar steeds die vraagstuk van sondegeneigdheid, en gevolglik ook sondeskuld. Selfs al het Saul die Ammoniete oorwin, het dit niks verander aan die volk se geneigdheid tot sonde en hulle reeds bestaande sondeskuld nie. Soos laasweek, moet ons weereens die gevolgtrekking maak aldrie vraagstukke sal effektief aangespreek moet word.

Wat beteken dit prakties vir ons? Die volk wou net ontslae raak van hulle vyande en die oorloë. Hulle het gehoop die koning kan dit vir hulle doen. Hulle het misgekyk dat die Here hulle vyande en oorloë gestuur het. Die Here was besorgd oor hulle harte, oor hulle sondegeneigdheid. Hy het hulle vyande gebruik om hulle te konfronteer. Die volk het nie die waarde van hierdie konfrontasie raakgesien nie. En ons doen dikwels dieselfde: As daar swaar in ons lewens is, wil ons net hê die Here moet die

swaar wegneem. Maar die Here is oor baie meer bekommerd as net ons fisiese gemak en voorspoed – Hy is bekommerd oor ons sondegeneigdheid en sondeskuld. En Hy wil ons dikwels deur ons omstandighede hieroor konfronteer. Mag ons leer wanneer die Here ons konfronteer. Mag ons dan leer om aan Hom gehoorsaam te wees, soos wat Samuel die volk opgeroep het om te doen.

Vandag het ons iets begin sien van die rol van 'n Koning – en soos wat ons met die Dawidverbond vorder sal ons nog meer van hierdie rol leer. Laasweek het ons iets gesien van die rol van 'n Hoëpriester. Maar die sondegeneigdheid vraagstuk skep steeds groot vrae. Hoe gaan dit effektief aangespreek word? Ons moet net geduldig volhard om die steeds ontvouende openbaringsgeskiedenis te bestudeer – die Here het voorwaar 'n effektiewe plan om aldrie aan te spreek!